Verander en druk die inhoud van ’n databasistabel

Maak die databasis *CD_database* en die tabel *CD_table* oop.

- **Voeg die volgende rekord by**:

Artist	**Zahara**
CD_name	**Loliwe**
Genre	**Afrosoul**
Replacement	**R139.00**
Owner	**Misha Howard**
ContactDetails	**0823362220**

Let op dat alle nuwe rekords altyd onderaan die tabel ingevoeg word.

Klik een keer op die -knoppie op die navigeerbalkie om ‘n nuwe leë rekord te skep. Jou wyser sal in hierdie nuwe rekord geplaas word – reg vir jou om die besonderhede in te tik.

OF

Regsklik in die smal, ligblou kolom heel links van enige ry en kies *New Record.*

- **Skrap die rekord** met die *nommer 285* (CD_naam: Where we stand).

Regsklik in die smal, ligblou kolom aan die linkerkant van die rekord wat jy wil skrap en kies *Delete Record.*
OF
Klik in enige kolom van die ry wat jy wil skrap. Klik op die aftrekpyltjie van die *Delete*-opdrag in die *Records*-groep op die *Home*-tab. Kies *Delete record.*
Kies *Yes* wanneer jy gevra word om te bevestig dat jy regtig die rekord wil uitvee.

- **Verander** die titel van rekord *240* (The road) na *The long road.*

- **Verander** die eienaar van rekord *198* (Sing when you’re winning) na *Kyla Roets* met die kontaknommer *0725648765*.

- Druk die eerste 10 rekords van die tabel. Verander die bladsy-oriëntasie, indien nodig.

Die inhoud van die tabel kan op die volgende manier gedruk word:

- Maak die tabel oop.
- Indien jy nie al die rekords wil druk nie, kan jy slegs die rekords wat jy wil uitdruk selekteer. Gebruik die *Shift*-sleutel om aaneenlopende rekords te kies. Dit is die enigste data wat gedruk sal word as die *Selected Record(s)*-opsie in die *Print*-dialooghokkie gekies word.

Beskou altyd die tabel met *Print Preview* voordat jy enige drukwerk begin. Dit gebeur dikwels dat die tabel in die databasies te breed is om op een bladsy te pas. Die kolomme wat nie pas nie sal dan op ’n aparte bladsy gedruk word. Mens kan die kantlyne, bladsy-oriëntasie, en bladsygrootte, net soos in *Word* en *Excel*, stel om seker te maak dat die tabel op een bladsy pas.